**<u>Hoe oorwin ek oor sonde? ( ‘n Artikel vir die Christen )</u>**

Hulle sê dis nie goed om die antwoord te gee voor jy die probleem verduidelik het nie, maar omdat hierdie so ‘n komplekse probleem is, gee ek eers die antwoord en dan verduidelik ek dit vanuit die Skrif ( die Bybel ).

Die antwoord is: **Persoonlike Gehoorsaamheid** - maar wag! Dis ‘n anderse gehoorsaamheid as waaraan ons onmiddellik dink.

Om ‘n lewe van reëls en wette te leef sonder die krag van die Heilige Gees, is die tipe gehoorsaamheid waarvan ons NIE hier praat nie. Reëls en wette is reg en goed en moet nagekom word. Om te probeer om gehoorsaam te lewe is reg en goed, maar om dit enigsins volhoubaar reg te kry is onmoontlik! As u dit nie glo nie, dan sal die praktyk dit vir u leer. Die brief aan die Galasiers bevestig ook hierdie soort kragtelose gehoorsaamheid aan reëls en wette, want die krag van die sonde is in die wet. Solank ek in my gedrag en gedagtes besig bly met die wet en sy voorskrifte maak die wet sondige begeertes in my wakker, en dan is dit nie lank nie, dan sondig ek. *Romeine 7:8 “Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood.”*

Goed, nou watter tipe van gehoorsaamheid praat ons dan van ? Voor ek die vraag beantwoord, wil ek u verwys na Romeine 6 in die Bybel. Dank God vir hierdie hoofstuk in u Bybel geinspireer ( ingeblaas ) deur die Heilige Gees. Paulus praat hier van die wet van die sonde en die wet van die Gees. Hy sê die wet van die sonde woon in ons lede ( ons sterflike liggaam, die vlees ), dws deur die gebruik van ons hande, voete, mond, tong, oë, brein (gedagtes), ens. Nou hierdie wet van die sonde is soos die wet van swaartekrag. Dit kan nie weggeneem word nie en dit kan nie opgehef of oorwin word nie. Nooit sal u op hierdie aarde iets kan doen of êrens heen kan gaan om swaartekrag se uitwerking op u liggaam geheel en al op te hef nie. As u boontoe spring, dan kom u weer af aarde toe. As u van ‘n huis se dak af spring, sal u onder op die grond val.

Die wet van die sonde wat in ons lede (vlees) is, werk presies net so. Paulus skryf dit in *Romeine 6:14-16 “maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, die doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek. En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is.”* Hoor u die wet van die sonde? ‘n Slaaf is verkoop en het geen beheer oor wat met hom gebeur nie. Hy is uitgelewer aan die wil en begeertes van sy meester. Paulus gaan selfs verder in Romeine 6:23 deur die absolute onmag en frustrasie wat hy beleef te verwoord met: *“maar ek sien ‘n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.”* Hierdie is die woorde van ‘n man wat probeer het om nie meer te sondig met sy mond, hande of gedagtes nie, maar dit duidelik net nie kon regkry nie, want die wet van die sonde is soos swaartekrag. Jy kan in die lug opspring en ‘n oomblik lank in die lug wees, maar uiteindelik val jy weer terug na die aarde toe, want die wet van swaartekrag kan nie oorwin word nie. Net so kan jy vir ‘n ruk lank skynbaar oorwin oor die sonde in eie krag deur hard te probeer, maar uiteindelik gee jy in onder die druk en mag van die wet van die sonde, en sondig jy weer op daardie manier wat jy nie wil nie, bv. om jou humeur te verloor of te vloek, of enige ander werk van die liggaam (vlees) soos opgeskryf in *Galasiers 5:19-21 “En die werke van die vlees is openbaar, naamlik*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

*owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge".*

Enige nuutgemaakte, Christus bloedgewaste mens, wil graag nuut en skoon bly, en daarom die woorde van Paulus in *Romeine 6:19 "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek"*. Die goeie wat ek wil doen is om die vrug van die Heilige Gees te dra. *Galasiers 5:22 "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.",* maar daar is net uiterste frustrasie en moedeloosheid. Hoe moet ek iets nie doen wat ek nie wil doen nie, maar ek weet ek kan nie ? G'n wonder Paulus roep uiteindelik uit in *Romeine 6:24 "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"* Dis die vlees, die sondige liggaam wat die wet van die sonde huisves, wat al ons probleme veroorsaak en ons kan niks doen om die wet van die sonde op te hef nie. Nou kom die antwoord in vers 25 "Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!". Maar dit beantwoord nie ons praktiese probleem voordat ons dit nie beter verstaan nie. Ja, God sal my verlos deur Jesus Christus, maar hoe doen Hy dit ? Doen Hy dit alleen of moet ek ook iets doen ? Ek het dan nou sopas gehoor ek kan niks goed uit myself in die sondige vlees doen nie, want ek is magteloos teen hierdie wet van die sonde! Dit is die wet van die Gees wat my sal vrymaak van die wet van die sonde se gevolge. *Romeine 8:2 "Want die wet van die Gees van lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood".*

Kom ek verduidelik ons situasie so. Sien in u gedagtes uself vasgekeer in 'n vloed en u moet op die dak van u huis klim. Die vloedwaters daaronder is die gevolge van die sonde, en u sit vasgevang deur die wet van die sonde ( swaartekrag ) daarbo op die dak. Die vloedwaters styg en u word benoud. As u boontoe spring en soos 'n voël probeer vlieg gaan u ondertoe val in die vloedwaters in, want u kan nie die wet van swaartekrag oorwin of nietig maak nie. U sal val, al probeer u wat. As daar maar net iemand met 'n helikopter ( die wet van die lewe ) kan kom om u te red. Maar hoe kan die helikopter u help as u klaar gespring (self probeer) het? Hier is die kruks van ons probleem. Ons moet gehoorsaam wees en wag vir die helikopter wat ons veilig sal oplig buite die bereik van die vloedwaters, maar as ons ongehoorsaam is en toegee aan die sonde ( spring ) dan gaan ons die gevolge daarvan moet dra. Dit is genade dat God die gevolge van die sonde oor ons toelaat wanneer ons gesondig het, anders sal ons nooit daarvan wil vrykom nie. *1 Petrus 4:1 "OMDAT Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde".* Die lyding, pyn en skande daarvan is vir ons die motivering om daarmee te probeer ophou, want dit maak my seer.

Die feit dat ons 'n sondige mens bly plaas ons elke dag terug op die dak. Om van die dak af gered te word deur die helikopter is om te oorwin het oor my humeur vandag of in een situasie NOU en dus die vrug van die Heilige Gees te dra. More of netnou gaan daar weer 'n situasie opduik en is ek weer terug op die dak met die opdrag: Wees gehoorsaam en wag ( vertrou ) op die helikopter om jou te kom red. Ja, die water styg al vinniger, die ander persoon raak al moeiliker, en ek kom al meer in die versoeking of begeerte om my humeur te verloor ( om te spring ), maar as ek gehoorsaam wag sal die helikopter wel kom. As ek spring gaan ek dood ( die wet van die sonde en die dood ), maar as ek wag en vertrou sal die helikopter ( die wet van die

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Gees en die lewe ) my kom red daarvan om te sondig en die gevolge daarvan te moet dra.

Die Persoon wat ons natuurlik red, is nie die helikopter nie, maar Jesus deur die Heilige Gees van God. Dit is waarom ons verse in die Bybel vind soos *Romeine 8:13 "want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe."* Sien u dit nou ? As julle ongehoorsaam is en toegee aan die wet van die sonde wat begeertes in my werk, dan sal ons geestelik verflou, maar as ons gehoorsaam is en die Heilige Gees toelaat en vertrou om ons te help, dan sal Hy die lus na sondige dade, begeertes wat ons wil pleeg doodmaak of wegneem. MAAR, hierdie is 'n proses wat homself elke dag herhaal. Onthou, ons is elke dag terug op die dak want ons bly sondige mense selfs al is ons gered. Die uitdaging is om gehoorsaam op die dak te bly sodat die helikopter in die geleentheid gestel kan word om my te help. *Romeine 6:13 "En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God."*

Dit bring ons natuurlik by die vraag nou hoekom is ons nie altyd gehoorsaam nie ? Hoe vertrou ek die helikopter sal kom om my te red as dit my laat weet is per radio ? Wel, ek kan dit vir myself baie moeilik maak om te vertrou, deur gedurig af te kyk na die vloedwaters wat aanhou styg. Mense met hoogtevrees het 'n vreemde drang om hulle van hoogtes af te werp as hulle afkyk. Net so met die sonde. As ek myself in plekke of situasies plaas of toelaat waar ek uitgelok word om te sondig, dan maak ek voorsiening vir die vlees om te sondig. *Romeine 13:14 "Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie."* Dit beteken ek dek die tafel om te eet, maar ek dink ek gaan nie eet nie, al word ek al hoe meer honger. Die lus na die sonde word byvoorbeeld aangewakker deur na films of tydskrifte te kyk met naaktheid of seks, vloekery, of boeke te lees met dieselfde tipe inhoud. Of as ek by plekke gaan kuier soos in kroeë of dansklubs, casinos, waar die mense van hierdie wêreld heen gaan, dan maak ek myself lus om ook soos hulle te maak en te sondig deur losbandig te wees, dronk te word, of om my vertroue in die geluksgode te stel. Vermy die plekke waar die plae val het die ou mense gesê. Moenie dit vir jouself moeiliker maak om gehoorsaam te wees nie. Dit is al klaar so moeilik en 'n gedurige stryd, hoe sal ons dit ooit regkry as ons onsself doelbewus blootstel aan versoekinge ? Daarom die vermaning in *1 Petrus 2:11 "GELIEFDES, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel".*

Maar nou 'n woord van waarskuwing. Moenie dink dat u die begeerte om te sondig heeltemal volledig kan ontvlug of uitskakel deur u te onttrek van alle kontak met die wêreld nie. Dan is ons niks werd vir God in hierdie wêreld nie. Die monnike wat hulself in kloosters teruggetrek het, het uitgevind dat die sondige begeertes nog steeds daar is, want dit is in die sondige vlees. Paulus het as volg aan die Kolossense geskryf in *Kol 2:20-23 "As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan — volgens die gebooie en leringe van mense, wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

*gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees."*

As u dit oordryf is u maar weer besig om self te probeer om van die sonde te ontvlug, en is u in ‘n sekere sin maar ook ongehoorsaam en besig om te probeer regkom op die dak sonder om die hulp van die helikopter te verwag. Uiteindelik sal die vloedwaters wel hoog genoeg styg en sal u in die sonde val sonder dat u hoef te gespring het. *1 Korintiers 10:12 "Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie."* Dit is wat Paulus beleef het in *Romeine 7:20-23 "Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon. Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig. Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien ’n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is."* Dit is ook hoekom Paulus aan die gemeente kon skryf in *1 Kor 5:9-11 "Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie, dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan, maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as ’n broeder bekend, ’n hoereerder is of ’n gierigaard of ’n afgodedienaar of ’n kwaadspreker of ’n dronkaard of ’n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie."* Nee, ons is die sout en die lig van hierdie wêreld omdat ons aan Christus behoort en Hy in ons woon. Ons moet tussen die wêreldse mense bly en leef en hulle probeer wen vir die koninkryk deur anders te wees sodat hulle die krag van God in ons kan sien. Ons moenie met hulle saamgaan om te sondig nie, maar ons moet ons ook nie van hulle onttrek in ons stryd teen die persoonlike sonde in ons nie. Daar is natuurlik altyd ‘n uitsondering op ‘n reël. Dink maar aan Lot in Sodom, hy moes daar uit. Ons hoef nie saam met ‘n dronkaard te drink om hom te bereik vir Christus nie. As ons so dink is daar fout met ons gehoorsaamheid aan die Here.

Die antwoord is: Kyk op na daar waar die helikopter vandaan gaan kom, en jy sal nie die begeerte hê om te spring nie. Hou jou oog gevestig op die helikopter. *Hebreërs 12:1-2 "DAAROM dan, terwyl ons so ’n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het."* Dit is om te wandel na of deur die Gees, sodat die Heilige Gees my gedrag bepaal en nie die vlees nie. Klink Galasiers 5:16-18 nou nog so vreemd ? : *"MAAR ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie, want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie."* Dit wil sê as ons deur die Gees wandel, dan vertrou ons op die Gees om die vlees se begeertes ( die wet van die sonde ) in ons stil te maak. Dan sal ons nie aan vleeslikheid ( die wet van die sonde ) toegee en sondig nie. Dan is ons nie meer onder die wet se invloed wat begeertes in ons wakker maak as ons probeer om in eie krag die vlees te oorwin nie.

En wat as ek weer bewustelik gesondig het ? Ek noem dit bewustelik sondig omdat dit die sonde is waarmee ons ‘n stryd het en waarvoor ons vergifnis wil hê. Maar, ons lewens kan vir ons baie skoon en reg lyk, maar tog nog te kort skiet in die oë van die

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Heilige God. Verse soos *Levitikus 5:17 "En as iemand sondig en onbewus enigiets doen wat die HERE verbied het, en skuldig word en sy ongeregtigheid moet dra"* en *1 Korintiers 4:4 "want ek is my van geen ding bewus nie. Daardeur is ek egter nie geregverdig nie; maar Hy wat my beoordeel, is die Here."* bevestig dit. Vir ons is daar 'n geopende fontein van vergifnis en reiniging ook teen hierdie onbewuste sondes ( ons word eers bewus van sonde of dat iets wat ons doen sonde is as ons kennis kry daarvan en oortuig word deur die Heilige Gees ). *Sagaria 13:1 "IN dié dag sal daar 'n geopende fontein wees vir die huis van Dawid en vir die inwoners van Jerusalem teen sonde en onreinheid." Jakobus 4:17 "Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde."*

Ja, ons sal nooit volmaaktheid ( sondeloosheid ) bereik aan hierdie kant van die graf nie ( terwyl ons nog in hierdie sterflike liggaam is nie ). Selfs al is ons lewens baie skoon, kan dit tog weer gebeur dat ons bewustelik sondig. *Jakobus 3:2 "Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou"*

En dan het die apostel van die liefde ook vir ons die versekering gegee dat ons borg of advokaat in die hemel altyd daar is om vir ons versoening ( betaling, opheffing ) van ons skuld voor God te bewerk. *1 Johannes 2:1-2 "MY kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld."* En *1 Johannes 1:9 "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."*

God neem ons nie volledig van die dak af weg terwyl ons nog lewe nie. Dit gebeur eers as ons in Christus Jesus sterf ( dws sterf as 'n gereddene / gelowige ). Ons begin elke dag op die huis se dak, en al val ons in die vloedwater, is daar weer vergifnis vir ons, om more weer nuut te begin as ons ons sondes bely en van harte voorneem om dit te laat staan ( daarmee te breek, daarmee op te hou ) en glo in Jesus se offer aan die kruis en sy bloed. Onthou net dat die gevolge van ons sonde ( om in die vloedwater te spring ) by ons bly. 'n Dronk bestuurder wat sy bene in 'n motor ongeluk verloor, dra die gevolge van sy sonde. Hy kan vergewe word en nuut begin, maar sy bene groei nie weer terug nie. Moenie dat ons die Here se tugtiging uitdaag nie. Dit is soveel beter om te glo en gehoorsaam te wees as om eers te moet voel voordat ons luister! *1 Korintiers 11:31-32 "Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie."*

God roep ons opnuut om teen die sonde te stry in Hebreers 12:4-6 *"Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie. En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem."* maar dan terwyl ons in Hom bly en op Hom vertrou om die werk in ons te doen. Ons verantwoordelikheid is om gehoorsaam te wees en soms moet 'n mens maar 'n rugraat daarvoor ontwikkel – *1 Kortintiers 16:13 "Waak, staan in die geloof, wees manlik, wees sterk."*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Onthou, God het beloof Hy het die mag om ons staande te hou. Glo in Hom, nie in u eie vermoëns nie.

*Judas 1:24 "Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig,"*

*1 Thess 5:24 "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen."*

*2 Tim 2:13 "As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie."*

Deon Roelofse
24 Januarie 2012 - Pretoria

Click here to get your free novaPDF Lite registration key